

Donderdag 17 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:65-72

Fokusgedeelte: Psalm 119:67, 71

Wanneer is die Here goed vir ons?

Die Here is goed en Hy doen goed (vs 68). Daarom het Hy goed gedoen aan sy kneg (vs 65). Die goedheid van die Here is nie noodwendig 'n kummervrye lewe nie. Inteendeel. Voordat die digter verdruk was, het hy gedwaal. Hy was koersloos. Dis gevaarlik om koersloos rond te dwaal. Daarom was die Here vir hom goed. Hy het die digter verdruk, sodat hy die Here se bepalings sou leer. Dan sou hy ook nie meer ronddwaal nie. Let op, die digter praat nie van oordeel en straf nie, maar van verdrukking. Iemand anders moes die gelowiges se straf dra, anders sou ons verdrukking die dreiging van die hel wees.

Christus wat ons straf gedra het, troos ons deur sy Gees dat ons hemelse Vader ons liefdevol tug. Ons Vader verbrysel ons nie, Hy het dan sy Seun in ons plek verbrysel. Dis waar, sy Vaderhand lê soms baie swaar op ons, want Hy wil nie toelaat dat ons oor die afgronde van die lewe sal dwaal nie. Hy wil ons nie laat terugkeer na die slawerny, vernedering en vertering van 'n lewe in sonde nie. Hy wil ons daarvan bewaar om sy Heilige Gees te bedroef, aangesien diegene wie in hulle sonde ronddwaal nooit die Here se goedheid kan ervaar nie. Hulle is ongevoelig vir die Here se goedheid (vs 70). Ons God is vir ons goed. Daarom verdruk Hy ons soms, sodat ons sy wil vir ons lewens sal leer ken. Sodoende keer Hy ons om koersloos van Hom af weg te dwaal. Dan kan ons sing: *“Dat U my verdruk het, HERE, dit was enkel goed vir my.”*

*Sing: Psalm 119-1:23, 25
Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)*